

Skriflesing: Romeine 5:1-11

Tema: God het ons in liefde vrygespreek deur Jesus Christus.

Ons is nie kinders van die Here of lidmate van die gemeente, omdat ons in die eerste plek die Here aangeneem het nie. Hy het ons in liefde aangeneem.

God verwag nie dat ons eers begin doen wat Hy vra voor Hy ons aanneem nie. Met ons beste bedoelings kon ons in elk geval nie doen wat Hy vra nie. Hy offer sy Seun se lewe vir ons op toe ons nog, in die woorde van Romeine 5, magteloos, goddeloos, sondaars en vyande van God was.

Nie een van ons sal ooit ons lewens vir iemand anders prysgee nie. Miskien nog vir 'n goeie vriend of die een of ander goeie mens. Persoonlik weet ek nie eers of ek dan my lewe sal prysgee nie.

Maar God is heeltemal anders as ons. Hy bewys hoe lief Hy vir ons het en hoe spesiaal ons vir Hom is deurdat Jesus in ons plek sterf terwyl ons nog verlore sondaars is.

Ons lees in Romeine 5:8: "Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

God het ons vrygespreek deur Jesus Christus. Christus het versoening tussen ons en God gewerk. Wat beteken versoening?

Kom ek probeer om die betekenis van versoening so verduidelik: Daar was 'n man wat sy Rolls Royce op 'n boot gesit en oorgevaar het na die vasteland van Europa. Daar het hy met sy motor aan wal gegaan en heerlik rondgetoer. Met die rondryery het iets egter verkeerd gegaan met dié staatsmaker motor. Hy het dadelik vir Rolls Royce in Engeland daarvan laat weet met dié boodskap: "Ek het probleme met my motor. Wat stel julle voor moet ek doen?"

Wel, die Rolls Royce-mense het dadelik 'n motorwerktuigkundige oorgestuurd. Die man het die motor onmiddellik reggemaak en weer teruggevlieg Engeland toe. Natuurlik het die man tydens die res van sy vakansie gewonder wat dié regmaak-sessie hom uit die sak sou jaag.

Terug na sy vakansie het die man 'n brief aan Rolls Royce gestuur om uit te vind hoeveel hy hulle skuld. Hy het 'n brief van die Rolls Royce-maatskappy terug ontvang wat só geles het:

Beste Meneer,

Daar is geen rekord in enige van ons lêers dat daar ooit iets verkeerd gegaan het met 'n Rolls Royce nie.

God het Sy Seun, Sy lewenswerktuigkundige, gestuur. Hy het ons sondeskuld betaal. Nou is daar by God geen rekord dat daar ooit iets met ons verkeerd gegaan het nie.

'n Mens kan versoening ook met boeie verduidelik. Sonde was die boeie waarmee ons geboei was. Ons kon op geen manier self vry kom nie. Jesus Christus het deur Sy kruisdood en opstanding die sleutel geword wat ons sonde-boeie kan oopsluit. Geloof is om jou hande uit te hou sodat Hy wat gereed staan daarvoor, ons kan oopsluit en bevry tot lewe.

Dís wat versoening beteken. Daar is geen rekords in enige hemelse lêers dat enigiets ooit met jou verkeerd gegaan het nie. Jesus Christus het jou vrygespreek. Aanvaar Sy vryspraak in geloof.

En die gevolge daarvan as ons Sy vryspraak aanvaar?

1. Daar is vrede tussen my en God.

Ek is vry van sonde en dood. Vry van God se oordeel en straf. In geloof staan ek in 'n splinternuwe verhouding met God. God is nou vir my 'n Vader. Jesus Christus het die vyandskap tussen God en mens weggeneem en die vriendskapsverhouding kom herstel. Hy noem vir my Sy vriend.

2. My lewe is gevul met liefde.

Ons lees in Romeine 5:5: "God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het." Hierdie liefde is nie net lippetaal nie, dit is Sy liefde. Ek leef, soos Hy, liefde.

3. My lewe is gevul met die vreugde van 'n vrygespreekte mens.

3.1 Daar is vreugde in my swaarkry.

Kind-van-die-Here-wees beteken nie net maanskyn en rose nie. Ek gaan swaarkry. Swaarkry is vir 'n kind van die Here 'n moeilike saak, maar nie 'n negatiewe saak nie. In swaarkry is God met ons

as Sy kinders besig. Swaarkry, sê Paulus, is God die Pottebakker se vorm- en groeiproses tot beter Christenwees.

Deur swaarkry druk God ons nooit af nie. Hy druk ons op. Swaarkry is in die lewe van 'n gelowige Sy positiewe, vormende, herskeppende krag.

Ons lees in Romeine 5:3-5: Al kry ons nou baie swaar, vat dit glad nie ons blydschap weg nie, alles behalwe.

Ons weet mos dat swaarkry God se leerskool in volharding is. In volharding leer ons om nie in onself nie, maar onvoorwaardelik in God alleen te glo.

En wanneer ons in God glo, vlam die hoop op 'n heerlike toekoms wat vir ons voorlê net nog sterker in ons op. Ons seker hoop is in God. Hy sal klaarmaak wat Hy deur Christus se kruisdood en opstanding begin het. Ons hoop is in Sy liefde en sorg en dat al Sy toekomsbeloftes aan ons sal waar word.

3.2 Ons verheug ons in God, in Sy verlossing deur Jesus Christus.

Ons het nie altyd vreugde oor wat ons doen nie. Ons kan partykeer lekker drooggemaak. Maar ons het vreugde oor wat God gedoen het. As ons omkyk, staan daar in ons verlede 'n leë kruis.

Jesus Christus het in ons plek gesterf toe ons nog magteloos en goddeloos was en as verlore sondaars in sonde rondgelê het. As Christus toe vir my so lief gehad het dat Hy vir my gesterf het, hoeveel meer sal Hy nie vandag vir my as verlose sondaar liefhê nie.

As God, toe ek nog sy vyand was en toe ek Sy toorn en straf verdien het, my deur Jesus Christus met Hom versoen het, hoeveel meer sal Hy nie my as verlose sondaar nou en in die toekoms in Sy hand hou nie.

Eendag gaan Hy my verwelkom in Sy hemelse woning. En ons verheug ons daarin.

3.3 Ons verheug ons oor die heerlijkheid wat God vir ons bestem het.

Vir 'n Christen op aarde, lê die beste altyd nog voor. Ons is oppad hemel toe. Daar sal Hy by ons wees en ons by Hom. Sy volmaakte toekoms wag vir elkeen van ons wat Sy versoening in geloof aanvaar het.

Wie is ons as kinders van die Here en lidmate van die gemeente?

Ons het vir God gekies. Nee, God het eerste vir ons gekies. Die bewys daarvan is die kruis van Jesus Christus. Ons het niks meer nodig nie.

Nou is ons vrygespreek deur Jesus Christus. Daar is vrede tussen ons en God. Ons leef lewens gevul met vreugde en liefde. Ons is mense met 'n toekoms.

Amen